ONDERRIG-, LEER- EN ASSESSERINGSBELEID

Verwysingsnommer	8P/8
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Adjunk-visekanselier: Onderrig en Leer
Beleideienaar	Adjunk-visekanselier: Onderrig en Leer
Verantwoordelike afdeling	Onderrig en Leer
Status	Goedgekeur Die OLA-beleid het die volgende vorige beleide vervang: • Onderrig- en Leerbeleid (Beleidnommer: 8P) • Akademiese Programbestuiurbeleid (Beleidnommer: 8P/8.1) • Beleid oor Werkgeïntegreerde en Diensleer (Beleidnommer: 8P/8.1.6.9) • Beleid oor Aanvullende Onderrig aan die NWU (Beleidnommer: 8P/8.4.1) • Beleid oor Erkenning van Vorige Leer (Beleidnommer: 8P/8.4.3) • Beleid oor studente met gestremdhede (Beleidnommer: 7P/7.3.4) • Beleid vir Terugvoer oor Onderrig en Leer deur Stuente (Beleidnommer: 8P/8.1.6.4) • Beleid oor die Institusionele Toekennings vir Onderriguitnemendheid (Beleidnommer: 8P/8.1.3) • Assesserings- Modereringsbeleid (Beleidnommer: 8P/8.1.7) • Studiegidsbeleid (Beleidnommer: 8P/8.1.6.1)
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	18 Maart 2019
Hersieningsdatum	2022
Webadres van hierdie beleid	http://www.nwu.ac.za/gov_man/policy/index.html
Adres op die beleidsdatabasis	(10935746) H:\HSC\2. Management\2.1.3 Policy management\Beleide\Raad Maart 2019\8P/8_Teaching, Learning and Assessment Policy_a.docm

ONDERRIG-, LEER- EN ASSESSERINGSBELEID VAN DIE NWU

Teen die agtergrond van die universiteit se droom om 'n internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees, wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, akademiese uitnemendheid, maatskaplike responsiwiteit, en 'n sorgsaamheidsetiek, het die Raad van die Noordwes-Universiteit hierdie beleid op 18 Maart 2019 aanvaar om strategiese rigting te gee aan die ontwikkeling, transformasie en implementering van onderrig en leer van hoë gehalte.

1 Vertolking en toepassing

1.1 Hierdie beleid en alle verwante dokumente moet vertolk en toegepas word op 'n wyse wat strook met –

1.1.1 die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 ("die Grondwet");

1.1.2 die Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997 ("die Wet");

1.1.3 die Wet op Nasionale Kwalifikasieraamwerk, 67 van 2008;

1.1.4 die Statuut van die Noordwes-Universiteit (2017) ("die Statuut");

1.1.5 die regsdirektiewe wat die regulatoriese raamwerk vir onderrig, leer en assessering in hoër onderwys uitmaak, en

1.1.6 die NWU Algemene Akademiese Reëls;

1.2 Die volgende dokumente en beleide moet gelees word in samehang met hierdie beleid:

1.2.1 die NWU-reëls vir Onderrig, Leer en Assessering

1.2.2 die NWU-onderrig-en-leerstrategie;

1.2.3 die NWU se Verklaring oor die Nodigheid om die Kurrikulum te Dekoloniseer en te Transformeer;

1.2.3 die Verklaring aangaande Oop Opvoedkundige Hulpbronne;

1.2.4 die NWU se Toelatingsbeleid;

1.2.5 die NWU se Biblioteek- en Inligtingsdienstebeleid;

1.2.6 die Beleid oor Aanvullende Onderrig;

1.2.7 die Beleid oor Studente met Gestremdhede;

1.2.8 die NWU se Kwaliteitsbeleid;

1.2.9 die NWU se Gedragsbeleid;

1.2.10 die Internasionaliseringsbeleid;

1.2.11 die fakulteitsjaarboeke, en

1.2.12 die beginsels, riglyne en strategieë soos bedoel in paragraaf 3.

1.3 Die Glossarium van Onderrig-Leer-verwante akronieme, konsepte en benamings dien as 'n riglyn vir hierdie Beleid.

2 Beleidsverklaring

Gegrondves op die waardes van, en die menseregte verskans in, die Grondwet en in die strewe na die verwesenliking van sy 2015-2025-strategie, is dit die beleid van die NWU –

2.1 om die doelstellings van die Wet te bevorder;

2.2 om innoverende onderrig en leer van hoë gehalte aan te bied ten einde graduandi af te lewer wat bedeel is met die kennis, vaardighede en bevoegdhede wat sal help om nasionale mensehulpbron-, ekonomiese en ontwikkelingsbehoeftes te ondervang en by te dra tot die opbou van 'n geskoolde en bekwame werksmag en volhoubare gemeenskappe;

2.3 dat die universiteit se interne suksesmodel, volhoubaarheid en nasionale en internasionale responsiwiteit die sleutelkonsepte moet wees wat onderrig en leer regoor alle afleweringsmodusse aan die NWU ten grondslag lê;

2.4 dat noukeurige beplanning aan die dag gelê word met betrekking tot akademiese programnisse van uitstekende gehalte, die mees toepaslike verhouding van voorgraadse/nagraadse en nasionale/internasionale studente, geskikte afleweringsmodusse vir verskillende kwalifikasies en studenteprofiele, 'n uitstekende studenteleerervaring, en behoud van 'n mededingende voordeel – en dit alles sonder verlies van die universiteit se finansiële lewensvatbaarheid en markgedrewenheid;

2.5 om daartoe verbind te wees om homself as unitêre instansie van hoogstaande akademiese uitnemendheid, met 'n verbintenis tot maatskaplike geregtigheid, te transformeer en te posisioneer;

2.6 om verbind te wees tot die deurlopende investering in en voortdurende professionele ontwikkeling van onderrigbevoegdheid van sy akademici, op 'n wyse wat strook met die missie en strategiese rigtings van die universiteit, en die unieke ontwikkelingsbehoeftes van akademiese werknemers in hul onderskeie loopbaanfases, en

2.7 om verbind te wees tot formatiewe en summatiewe assessering wat regverdig, geldig en doeltreffend is, en integraal is tot die leerproses.

3 Beginsels, riglyne en strategieë

Die adjunk-visekanselier: onderrig en leer moet, onderhewig aan die goedkeuring van die senaat, beginsels, reëls en strategieë ontwikkel en implementeer vir gekoördineerde besluitneming ten opsigte van alle aangeleenthede wat verband hou met onderrig, leer en assessering regoor die universiteit, met die fokus op deurlopende transformasie soos wat nodig is om –

3.1 studentetoegang, -retensie en akademiese sukses te verbeter;

3.2 ewe betekenisvolle en toepaslike leergeleenthede te skep vir 'n diverse studentekorps op die drie kampusse, en vir afstandsonderrigstudente;

3.3 die NWU-graduandi-eienskappe by studente te ontwikkel soos uiteengesit in die universiteit se onderrig-en-leerstrategie;

3.4 onderriggehalte en leerondersteuning te beplan, te implementeer, te moniteer, te bestuur en te verbeter met die oog daarop om studenteleer uit te bou;

3.5 die akademiese aanbod te ontwikkel en te handhaaf om sy relevansie, gehalte en responsiwiteit te verseker, sowel as sy voortgesette belyning met die vereistes soos bepaal deur die statutêre en regulatoriese liggame;

3.6 vervlegteleer- en aanlynleergeleenthede te integreer soos en wanneer gepas en moontlik, gegewe beskikbare hulpbronne, as 'n manier om studentetoegang en -voorbereidheid vir die werkplek in 'n digitale era te verbeter, en om

3.7 te verseker dat onderrig en leer aan die NWU hou by nasionale kriteria vir doeltreffende uitkomsgebaseerde onderrig in die hoëronderwyssektor.

4 Omvang van toepassing

Hierdie beleid geld vir alle rolspelers in en aspekte van onderrig, leer en assessering aan die NWU, en spesifiek vir:

- die student,
- die dosent,
- die onderrig-, leer- en assesseringsomgewing,
- onderrig-, leer- en assesseringsbestuur, -finansiering, en -ondersteuning, en
- die akademiese aanbod van die NWU, ongeag afleweringsmodus.

5 Onderrig-Leer-konteks

Die reëls, prosedures en praktyke geassosieer met alle onderrig, leer en assessering moet toegepas word, met inagneming dat –

5.1 personeel en studente in alle onderrig-, leer- en assesseringskontekste onderhewig is aan spesifieke gedragskodes;

5.2 onderrig-, leer- en assesseringsverwante aangeleenthede die universiteit se transformasie-agenda in aanmerking moet neem;

5.3 die fakulteitsrade jaarliks goedkeuring moet verleen vir fakulteitsgeïntegreerde onderrig- en leerplanne om te dien as riglyn vir die ontwikkeling en transformasie van onderrig, leer en assessering;

5.4 fakulteite en relevante onderrig-leer-ondersteuningsdepartemente medeverantwoordelik is vir die relevansie, integriteit en standaarde van die akademiese aanbod;

5.5 fakulteitsrade moet verseker dat die betrokke fakulteit se onderrig-, leer- en assesseringspraktyke in ooreenstemming met hierdie beleid is;

5.6 onderrig, leer en assessering studentgesentreer moet wees, en gefokus moet wees op aktiewe, deelnemende, inklusiewe en betekenisvolle leer binne 'n ondersteunende omgewing;

5.7 die demonstrasie van uitnemendheid in onderrig en leer tersaaklik is in die akademiese bevorderingsproses;

5.8 innoverende en toepaslike onderrigbenaderings in die aanlyn, kontak- en afstandsomgewings studente in staat moet stel om te leer;

5.9 toepaslike IKT-integrasie (vervlegte leer) en e-leer 'n integrale deel van die leervoorsiening binne geselekteerde akademiese programme moet uitmaak;

5.10 die gehalte van die studente-ervaring en akademiese sukses in alle akademiese programme moet afhang van die suksesvolle integrasie van fakulteite met alle studenteondersteuningshulpbronne, insluitende Biblioteek- en Inligtingsdienste, die Loopbaansentrum, die Sentrum vir Onderrig en Leer, Studentevoorligtingsdienste, Aanvullende Onderrig, Ewekniementorskap, Skryfsentrums, Leeslaboratoriums, Koshuisbestuur, en finansiële ondersteuning.

5.11 'n instaatstellende Onderrig- en Leeromgewing (OLO) wat doeltreffende onderrig en leer van 'n hoë gehalte ondersteun en uitbou, deurlopend ontwikkel en gehandhaaf moet word;

5.12 befondsing jaarliks geoormerk en hersien moet word vir die progressiewe verwesenliking en verbetering van onderrig, leer en assessering aan die NWU in ooreenstemming met bogenoemde konteks.

6 Implementering, monitering en hersiening van die Beleid

6.1 Verantwoordelikheid vir die Beleid berus by die Adjunk-visekanselier: Onderrig en Leer.

6.2 Monitering van die implementering van die Beleid berus by elke fakulteitsraad, onder voorsitterskap van die betrokke fakulteit se uitvoerende dekaan.

6.3 Die Onderrig-, Leer- en Assesseringsbeleid moet elke drie jaar hersien word.

Original details: (10935746) H:\HSC\2. Management\2.1.3 Policy management\Beleide\Raad Maart 2019\8P-8_ TLA policy_e.docm
20 Maart 2019

File reference: 8P/8